

## **Verkorte Presidentsrede by die drie-en-tagtigste gewone algemene vergadering van aandeelhouders**

---

### **Inleiding**

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank het die afgelope jaar op talle terreine aansienlike sukses behaal te midde van moeilike ekonomiese omstandighede. Op monetêre gebied het tydige optrede gedurende 2002 gehelp om inflasieverwagtings in toom te hou en tegelykertyd internasionale vertroue in die land se verbintenis tot verantwoordelike makroekonomiese beleid te handhaaf. Die sterkte van internasionale vertroue is weerspieël in die herstel van die rand se internasionale waarde, wat 'n groot faktor was om inflasionêre druk te beteuel. Terselfdertyd is die netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta in Mei 2003 finaal uit die weg geruim. Teen hierdie agtergrond was dit in die afgelope maande moontlik om rentekoerse te verlaag.

In die banksektor is finansiële bestendigheid herstel na die ernstige likiditeitsprobleme wat in die eerste helfte van 2002 ondervind is. Die banksektor beskik oor voldoende kapitaal en word goed bestuur, en aansienlike vordering is gemaak met die toepassing van die beste internasionale praktyke in banktoesighouding. Die hoogs-ontwikkelde struktuur en internasionale mededingendheid van die land se finansiële stelsel in die geheel bly 'n betekenisvolle nasionale krag.

Wat die administrasie van die Bank betref, is koste aansienlik besnoei en in 'n paar gevalle is departemente herstruktureer en vaartbelyn gemaak, en personeelgetalle is verminder.

### **Die internasionale ekonomiese omgewing**

Die ekonomiese herstel bly flou en broos. Nadat die internasionale ekonomiese bedrywigheid teen die einde van 2001 en gedurende die eerste helfte van 2002 herstel het, het dit in die tweede helfte van 2002 'n terugslag beleef toe sakevertroue nadelig beïnvloed is deur onthullings van rekeningkundige wanpraktyke in maatskappye, verdere dalings in die waarde van aandele en die dreigende oorlog teen Irak. Gedurende die eerste helfte van 2003 het aandeelpryse meestal begin styg en die oorlog teen Irak is afgehandel sonder enige ernstige uitwerking op die produksie van olie. Nietemin het groei in die meeste groot nywerheidslande nie aan vroeëre verwagtinge voldoen nie. Groei in ontluikende ekonomieë was in die algemeen taamlik sterk in Asië en Europa, terwyl dit in Afrika matig en in Latyns-Amerika swak was.

Soos in hierdie omstandighede verwag kon word, het werkloosheid in die meeste ontwikkelde ekonomieë sowel as in Latyns-Amerika en Afrika toegeneem. Werkskepping in ontluikende ekonomieë is steeds een van die dringendste vraagstukke wat die wêreld in die gesig staar om bestendigheid te verseker en armoede te verlig. Met die uitsondering van dele van Latyns-Amerika en enkele lande in Afrika, het wêreldinflasie laag gebly.

Die kombinasie van lae ekonomiese groei, groter werkloosheid en dalende inflasie het in die algemeen in ontwikkelde ekonomieë tot die aanvaarding van uitbreidende

monetêre en fiskale beleide gelei. Rentekoerse in die meeste ontwikkelde lande is na baie lae vlakke afgebring en begrotingstekorte is vergroot. Hierdie maatreëls kon egter nie die finansiële ondergang van enkele groot maatskappye verhoed nie. Rede tot verdere kommer is die wisselvalligheid van wisselkoerse en die uitwerking hiervan nie net op die finansiële sektor nie, maar ook op reële ekonomiese bedrywigheid. Veral die Amerikaanse dollar het aansienlik verswak, en dit kan 'n groot uitwerking op die wêreld ekonomie hê.

### **Binnelandse ekonomiese ontwikkelings**

Die swakte van die Amerikaanse dollar het 'n groot aandeel in die betekenisvolle verbetering in die eksterne waarde van die rand gehad. Nadat die nominale effektiewe wisselkoers van die rand op 'n handelsgeweegde grondslag gedurende 2001 met 34 persent gedaal het, het dit in 2002 met 24 persent en tot aan die einde van Julie 2003 met 'n verdere 12 persent verbeter. Insgelyks het die reële effektiewe wisselkoers van die rand oor hierdie tydperk aansienlik herstel. Die vlak van die reële effektiewe wisselkoers van die rand is nietemin steeds laer as die indekswaardes vroeg in 2000, dit wil sê nog voor die onstuimigheid in die valutamark. Dit dui daarop dat Suid-Afrikaanse producente se pryse nog taamlik mededingend is, maar die winsgewendheid van hul internasionale transaksies het natuurlik gedurende die afgelope drie jaar aansienlik gewissel.

Binnelandse produksie kon nie die uitwerking van die volgehoue gedempte wêreld ekonomie die hoof bied nie. Die groei in die reële bruto binnelandse produk het van 3½ persent in die eerste helfte van 2002 tot 3 persent in die tweede helfte en 1½ persent in die eerste helfte van 2003 afgeneem. Die stadiger groei het gepaard gegaan met 'n toename in 2002 in die totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou. Voorlopige aanwysers dui egter op 'n verlies aan werkgeleenthede gedurende die eerste helfte van 2003.

Die afname in die ekonomiese groeikoers was die gevolg van 'n vermindering in die omvang van die uitvoer, terwyl die binnelandse vraag sterk bly toeneem het. Dit wil voorkom asof die vlak van korttermynrentekoerse beswaarlik 'n uitwerking op die binnelandse vraag gehad het. Die koers van toename in die finale binnelandse vraag het maar effens afgeneem van 4 persent in 2002 tot 3½ persent in die eerste helfte van 2003. Die koers van toename in die reële bruto binnelandse besteding teen 'n jaarkoers het nietemin in die tweede helfte van 2002 en die eerste helfte van 2003 op 4½ persent gebly.

Groei in die verbruiksbesteding van huishoudings het maar effens van 'n jaarkoers van 3 persent in die tweede helfte van 2002 tot 2½ persent in die eerste helfte van 2003 afgeneem. Die volgehoue hoë groei in verbruiksbesteding is deur betreklike groot toenames in persoonlike besteebare inkomste tesame met 'n toename in die skuld van huishoudings moontlik gemaak. Die bestendige groei in die verbruiksbesteding van huishoudings het gepaard gegaan met 'n toename in die reële owerheidsverbruiksbesteding wat die afgelope jaar van kwartaal tot kwartaal deurgaans teen 'n jaarkoers van tussen 3½ en 4 persent gewissel het.

Die koers van toename in die reële vaste kapitaalvorming het gedurende 2002 versnel en in die tweede helfte van die jaar 'n vlak van 9 persent teen 'n jaarkoers bereik.

'n Afname in die vaste investering van die landbousektor, wat verband gehou het met die kleiner winste van boere vanweë 'n aansienlike verlaging in die pryse van sekere sleutelprodukte in die landbou, het hierdie koers daarna in die eerste helfte van 2003 tot 'n vlak van 8 persent afgebring, wat nog steeds hoog was. Ander sektore het voortgegaan om groot bedrae aan die vervanging van uitgediende kapitaaltoerusting en die ontwikkeling van nuwe ondernemings te bestee.

In teenstelling met die volgehoue sterk groei in die binnelandse vraag, het die uitvoer swakker gevaar. Trouens, die omvang van die uitvoer van goedere en nie-faktordienste het in 2002 met 1½ persent en in die eerste helfte van 2003 met 'n verdere 2½ persent afgeneem. Gedurende 2002 het die afname in die uitvoerhoeveelhede saamgeval met 'n toename in die invoerhoeveelhede. Die omvang van die totale invoer het gedurende die eerste helfte van 2003 bly toeneem, ondanks 'n afname in die hoeveelheid ingevoerde ruolie. Die ruilvoet het in 2002 sowel as die eerste helfte van 2003 verstewig, terwyl netto dividend- en rentebetalinge afgeneem het. Nieteenstaande hierdie ontwikkelings, het die saldo op die lopende rekening van 'n oorskot in 2002 tot 'n tekort van byna 1 persent van die bruto binnelandse produk in die eerste helfte van 2003 teruggeval. Hierdie tekort is geheel en al teengewerk deur 'n finansiële invloeiing vanuit die res van die wêreld wat hoofsaaklik uit regstreekse buitelandse belegging, lenings deur die Suid-Afrikaanse regering in die internasionale kapitaalmarkte en netto invloeiinge van ander portefeuljekapitaal bestaan het.

Die belangrikste ontwikkelings op monetêre en finansiële gebied oor die afgelope agtien maande kan soos volg saamgevat word:

1. Die koers van toename in die monetêre groothede het aansienlik verlangsaam. Die groei oor tydperke van twaalf maande in die omvattend-gedefinieerde geldvoorraad (M3) het byvoorbeeld afgeneem van sowat 19 persent vroeg in 2002 tot minder as 13 persent in Desember 2002 en tot minder as 10 persent gedurende die grootste deel van die eerste ses maande van 2003.
2. Die publiek se vraag na bankkrediet het lewendig gebly. Nadat die groeiakoers in die banke se totale lenings en voorskotte aan die binnelandse private sektor van 12,5 persent in Junie 2002 tot 7,8 persent in Desember afgeneem het, het dit in Junie 2003 weer tot 12,7 persent toegeneem.
3. Die geldmark het taamlik likied gebly. Deur middel van verskeie operasionele prosedures is die banke se daaglikse likiditeitsbehoefte in die omgewing van R11 miljard gehandhaaf.
4. Korttermynrentekoerse het in April 2003 afwaarts begin beweeg. Nadat korttermynrentekoerse gedurende die eerste nege maande van 2002, in pas met die terugkoopkoers, met nagenoeg 400 basispunte toegeneem en toe vir die volgende ses maande op hierdie hoër vlak gebly het, het hierdie koerse tot aan die einde van Julie 2003 met ongeveer 200 basispunte gedaal.
5. Privaatsektormaatskappye het toenemend van die primêre effektemark gebruik gemaak om hul bedrywighede te finansier. Die uitstaande waarde van privaatsektorleningseffekte wat op die Effektebeurs van Suid-Afrika genoteer is, het derhalwe van R29 miljard in Junie 2002 tot R42 miljard in Junie 2003 toegeneem.

6. Die opbrengskoerse op langtermyn-effekte het sedert die einde van Maart 2002 afwaarts geneig, wat 'n weerspieëling was van die mark se positiewe houding jeens die langtermyn-voorsigte vir inflasie en die uitwerking van 'n klein leningsbehoefte van die openbare sektor.
7. Aandeelpryse het gedurende 2003 begin herstel. Nadat die prysindeks vir alle aandele van 22 Mei 2002 tot 25 April 2003 met 37 persent gedaal het, het dit tot aan die einde van Julie met 20 persent herstel.

### Openbare finansies

Sedert die 2001-Begroting het die owerheid 'n meer uitbreidende fiskale beleidshouding ingeneem, maar hierdie beleid het voortgegaan om die verlaging van inflasie en die bevordering van bestendigheid te ondersteun. Hierdie versigtige uitbreidende beleidshouding sal oor die medium termyn gehandhaaf word om stukrag te verleen aan die groeivermoë van die ekonomie oor die lang termyn.

### Monetêre beleid

Monetêre beleid is in die afgelope jaar oorheers deur die noodzaak om te reageer op die inflasioneë druk wat veroorsaak is deur eksogene skokke, naamlik 'n aansienlike vermindering in die eksterne waarde van die rand teen die einde van 2001 en 'n skerp styging in internasionale oliepryse. Hierdie skokke was grotendeels daarvoor verantwoordelik dat die koers van toename oor twaalf maande in die verbruikersprysindeks vir metropolitaanse en ander stedelike gebiede met uitsluiting van rente op verbandlenings (VPIX) van 'n laagtepunt van 5,8 persent in September 2001 tot 'n hoogtepunt van 11,3 persent in Oktober en November 2002 opgeskiet het.

Gevolgtrek was die Monetêre Beleidskomitee genoodsaak om die terugkoopkoers gedurende die eerste nege maande van 2002 met 'n totaal van 400 basispunte te verhoog. Hierdie verhogings was die gevolg van inflasioneë druk wat aanvanklik hoofsaaklik tot stygende voedsel- en energiepryse beperk was, maar later wyd uitgekring het en uiteindelik nie net die pryse van goedere beïnvloed het nie, maar ook die pryse van dienste wat nie regstreeks deur wisselkoersveranderinge geraak word nie. Die verhoging in die terugkoopkoers was verder gegrond op faktore soos verwagtings van stygende inflasie en nominale arbeidseenheidskoste, en hoë groei in die geldvoorraad en bankkredietverlening.

Ofskoon dit tydens die vergadering van die Monetêre Beleidskomitee in November 2002 nog onduidelik was of die hoër rentekoersvlakke die gewenste uitwerking sou hê, is die terugkoopkoers onveranderd gelaat omdat 'n aantal ontwikkelings daarop gedui het dat die inflasioneë druk aan die afneem was. Dit het ingesluit 'n afname van kwartaal tot kwartaal in die produksieprysindeks van 26,0 persent in die eerste kwartaal van 2002 tot 11,2 persent in die derde kwartaal; 'n verstewiging in die eksterne waarde van die rand; 'n daling in internasionale oliepryse; stadiger groei in bankkredietverlening; en 'n verlansaming in die groeitempo van die meer omvattend-gedefinieerde geldvoorraadgroothede.

Ten tye van die vergadering van die Monetêre Beleidskomitee in Maart 2003 was dit duidelik dat die styging in inflasie onder beheer was. Die koers van toename oor twaalf maande in die VPIX het tot 9,3 persent en dié van die produksieprysindeks tot 6,2 persent afgeneem. Boonop het die groei in die geldvoorraad en bankkrediet-

verlening tot minder as 10 persent per jaar gedaal en die rand het in die tweede helfte van 2002 opmerklik herstel. Ondanks hierdie gunstiger toestande, het ander ontwikkelings veroorsaak dat die Monetêre Beleidskomitee versigtig gebly het vir 'n voortydige verandering in die beleidshouding. Die Komitee is veral beïnvloed deur die feit dat die datum van die vergadering saamgeval het met die uitbreek van die oorlog in Irak. Op daardie tydstip was dit onseker watter uitwerking die oorlog op die wêrelddeksonomie en, meer bepaald, op oliepryse sou hê. Ander oorwegings wat aanleiding gegee het tot die besluit om die terugkoopkoers onveranderd te laat, was onder meer kommer oor die vlak van loonskikkings, stygende arbeidseenheidskoste, groot stygings in sekere geadministreerde pryse en 'n vooruitskating dat VPIX-inflasie in 2004 naby die boonste grens van die inflasiemikpunt sou wees.

Ten tye van die vergadering in Junie 2003 het die Monetêre Beleidskomitee voor 'n aanpassing in die inflasiegegewens deur Statistieke Suid-Afrika te staan gekom. Met inagneming van hierdie aanpassing en meer onlangse ontwikkelings, het die Bank se vooruitskating daarop gedui dat die inflasiekoers gedurende die tweede helfte van 2003 tot binne die mikpuntgrense sou beweeg en in 2004 naby die middel van die mikpuntgebied sou kom. 'n Aantal ander faktore het ook 'n invloed gehad op die besluit van hierdie vergadering om die koers met 150 basispunte te verlaag. Eerstens het die einde van die oorlog in Irak groter bestendigheid in die oliemark gebring. Tweedens was dit duidelik dat die wisselkoers van die rand ondanks volgehoue wisselvalligheid gesonder vlakke gehandhaaf het. Derdens was daar duidelike tekens dat die inflasiedruk uit die buiteland swak sou bly. Laastens het inflasieverwagtings in Suid-Afrika afgeneem en binnelandse toestande het in die algemeen op dalende inflasie gedui.

Nog 'n ontwikkeling by hierdie vergadering was die besluit om jaarliks ses pleks van vier vergaderings van die Monetêre Beleidskomitee te hou. Die vorige reëling om slegs vier geskeduleerde vergaderings te hou, was gegrond op die standpunt dat die vergaderings met die beskikbaarheid van kwartaalgegewens moet saamval. Dit het egter tot 'n lang tussenpose tussen sommige vergaderings gelei. Derhalwe is besluit dat selfs al sou die jongste kwartaalgegewens nie by elke vergadering beskikbaar wees nie, behoort daar op 'n gereelde grondslag voldoende gegewens te wees om ingeligte besluite te kan neem. Vergaderings op 'n meer gereelde grondslag het die verdere voordeel dat dit die vrees vir skielike en onverwagte rentekoersveranderinge behoort te verminder en sodoende die deursigtigheid van monetêre beleid bevorder.

Op 14 Augustus 2003 het die Monetêre Beleidskomitee 'n verdere verlaging van 100 basispunte in die terugkoopkoers tot 'n vlak van 11 persent aangekondig. Hierdie besluit is geneem omdat die inflasiekoers in pas met die Reserwebank se vooruitskattings gebly het en die vooruitsigte vir inflasie in die algemeen gunstig gebly het. Die Komitee het egter kommer uitgespreek oor die hoë koers van toename in sommige geadministreerde pryse, die vlak van loonskikkings, die volgehoue sterk vertoning van die binnelandse vraag en die vinniger groei in die geldvoorraad in die tweede kwartaal van 2003.

## Wisselkoersbeleid

Die wisselkoersbeleid is die afgelope jaar onveranderd gelaat. Soos in die voorafgaande jaar is die vasstelling van die eksterne waarde van die rand aan die mark oorgelaat en het die Bank nie in die valutamark ingemeng om die vlak of rigting van die wisselkoers te beïnvloed nie.

Die wisselkoers van die rand was die afgelope jaar taamlik wisselvallig. Hoewel die Bank groter wisselkoersbestendigheid sou verkies, is skommeling in die eksterne waarde van die rand onafwendbaar in die heersende internasionale monetêre stelsel van algemeen-swevende wisselkoerse. Die ervaring het geleer dat selfs al was die rand aan 'n ander geldeenheid of 'n mandjie van geldeenhede gekoppel, sou dit steeds teen die meeste geldeenhede bly sweef en soms hewig geskommel het.

Die beleidsowerhede kan slegs daarna streef om onderliggende ekonomiese toestande te skep wat bevorderlik vir wisselkoersbestendigheid kan wees. Een van die faktore wat in die verlede tot die groot skommeling van die rand bygedra het, was die Bank se groot netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta. Die Bank se verklaarde oogmerk was om hierdie oorverkoopte posisie, wat aan die einde van September 1998 op VSA\$23,2 miljard gestaan het, uit te skakel. Gedurende die afgelope jaar het die Bank by geleentheid taamlik beskeie bedrae aan buitelandse valuta in die mark gekoop. Die Bank het ook die opbrengs van die regering se euro effekte-uitgifte van VSA\$1,25 miljard in die internasionale kapitaalmarkt in Mei 2003, teen die Bank se oorverkoopte termynboek verreken. Hierdie transaksies het die netto oorverkoopte posisie in buitelandse valuta van die Bank van VSA\$1,8 miljard in die middel van 2002 omskep in 'n oorgekoopte posisie van VSA\$0,9 miljard aan die einde van Julie 2003. Sedert hierdie gewaande struikelblok uit die weg geruim is, het die prysvindingsproses in die valutamark 'n beter tweerigting-handelspatroon getoon.

Noudat die oorverkoopte posisie in buitelandse valuta iets van die verlede is, het die Bank daarop begin konsentreer om die oorverkoopte termynboek te verminder en om meer daadwerklik te poog om die amptelike reserweposisie in buitelandse valuta te verbeter. Die saldo op die oorverkoopte termynboek het aan die einde van Julie 2003 op VSA\$4,1 miljard te staan gekom, vergeleke met VSA\$7 miljard ten tye van die vorige jaarvergadering van die Bank.

### **Bestendigheid in die banksektor**

Die likiditeitsprobleme wat kleiner banke ervaar het en die uiteindelijke verwerping van die depositogrondslag van enkele van die groter banke in die eerste helfte van 2002 is gedurende die afgelope jaar op 'n bevredigende wyse opgelos. In hierdie proses kon sekere gevolge vir die bankwese egter nie afgeweer word nie. Die bedrywighede van twee van die groter banke, Saambou Bank Bepers en BoE Bank Bepers, is saamgesmelt met dié van groot plaaslike banke. Boonop het die huiwerigheid van deposante om fondse by kleiner banke te deponer daartoe gelei dat van hierdie banke hul registrasies as banke gekanselleer het, terwyl ander hul beheerstrukture herskik en hul balansstate verklein het.

Die onstuimigheid wat in die banksektor ervaar is, het derhalwe uitgeloop op 'n samesmelting van bedrywighede voordat bestendigheid weer ingetree het. Teen die einde van Junie 2003 het nagenoeg 83 persent van die publiek se totale deposito's in die vier groot banke se kluis beland. Dit het dit moeiliker gemaak om nuwe banke op die been te bring of vir kleiner banke om hul bedrywighede voort te sit, wat 'n uitwerking op die beskikbaarheid van bedryfskapitaal vir nuwe ondernemers kan hê.

Ondanks hierdie ontwikkelings bly Suid-Afrika se bankstelsel kerngesond. Banke wat in die land handel dryf is goed gekapitaliseer met 'n gemiddelde risikogewegde kapitaal-

toereikendheidsverhouding van 12,4 persent aan die einde van Junie 2003. Die banksektor het in die algemeen oor voldoende likiditeit beskik, terwyl die gehalte van bates hoog gebly het. 'n Spesiale onafhanklike ondersoek na korporatiewe beheer het ook aan die lig gebring dat Suid-Afrika se voorste banke tot hoë bestuurstandaarde verbind is. In die algemeen pas banke die beste internasionale praktyke toe.

Hoewel voortdurende waaksaamheid nodig is om te verseker dat banke aan veranderende standaarde voldoen, is daar geen ernstige kwellinge in hierdie verband nie. Banke maak bevredigende vordering om hul risikobestuurstelsels en datamodelle in ooreenstemming te bring met wat teen 2007 ingevolge Basel II verwag kan word. Na aanleiding van maatskappy-mislukkings oor die wêreld heen is rekeningkundige en ouditeringstandaarde hersien of is hulle in die proses om deeglik nagegaan te word. As deel van voortgesette pogings om die gehalte en deursigtigheid van finansiële verslagdoening te verseker, was daar die afgelope jaar 'n verskuiwing vanaf die teboekstelling van finansiële instrumente teen historiese koste na 'n grondslag van redelike waarde, dit wil sê die toepassing van Rekeningkundige Standpunt AC 133. Dit bied groot uitdagings om aan hierdie standaarde en nuwe wetgewing te voldoen.

Nog 'n uitdaging wat banke in die gesig staar, is om wyer toegang tot bekostigbare finansiële dienste te bied. 'n Groot deel van die bevolking het steeds nie toegang tot bankdienste nie. Die finansiële sektor het gevorder in die proses om 'n handves vir swart ekonomiese bemagtiging in die finansiële sektor te ontwikkel. Hierdie handves sal swart eienaarskap van en toegang tot finansiële ondernemings bevorder. Sedert die aanvalle op die Wêreldhandelsentrum in New York op 11 September 2001, was die noodgedwonge vir multilaterale samewerking vir die voortdurende beskikbaarheid van finansiële stelsels ook hoog op die sakelyst van die banksektor. Die Bank het deelgeneem aan die daarstelling van 'n gebeurlikheidsforum vir die finansiële sektor om vir gebeure soos hierdie te beplan.

### **Ekonomiese samewerking op streeksvlak**

Die bevordering van ekonomiese samewerking op streeksvlak in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) in die besonder en in Afrika in die algemeen, maak steeds 'n deel uit van die ander hoofbedrywighede van die Suid-Afrikaanse Reserwebank. Die Bank gee sy heelhartige steun aan die oogmerke van die Nuwe Vennootskap vir Afrika se Ontwikkeling (algemeen bekend as Nepad) vir versnelde groei en volhoubare ontwikkeling, die uitwissing van armoede en 'n omkering van die marginalisering van Afrika in die proses van globalisering. Die Bank sal voortgaan om 'n aktiewe rol te speel om hierdie ideale te verwesenlik.

Die Bank het gedurende die afgelope jaar ook aktief deelgeneem aan die werksaamhede van die Komitee van Presidente van Sentrale Banke in die SAOG-streek.

### **Interne administrasie**

Verskeie veranderinge is weer die afgelope jaar in die interne administrasie van die Reserwebank aangebring. Veral die besnoeiing van koste sonder verlies aan produktiwiteit het voorrang geniet. Personeel- en bedryfskoste is deeglik gefynkam om uitgawes tot 'n minimum te beperk. 'n Moratorium is met ingang van 1 Augustus 2002

op die aanstelling van personeel geplaas ten einde werknemergetalle te verminder. Verder is vrywillige pakkette vir vroeë aftrede gedurende April 2003 vir personeellede van 50 jaar en ouer aangebied om koste in te kort. Altesaam 173 personeellede het tot hede hierop gereageer, waarvan 114 aangedui het dat hulle die aanbod aanvaar.

Die besnoeiing van koste en groter doeltreffendheid was veral toegespits op inligtings- en kommunikasietegnologie en die kontantheringstrategie. Om duplisering te vermy en koste te besnoei, is die voormalige Departement Geld- en Kapitaalmark en die Departement Internasionale Bankwese in die Departement Finansiële Markte saamgevoeg. Kostebesnoeiing is ook in die Bank se filiale bewerkstellig deur die vermindering van personeel, die herstrukturering van bestuur en nuwe bemakingsinisiatiewe.

Die opleiding en ontwikkeling van personeel bly belangrike oogmerke van die Bank. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Reserwebank-kollege met die aanbieding van 'n verskeidenheid onderrigprogramme weer 'n vername rol gespeel. Die onderskeie departemente beywer hulle ook daadwerklik vir die indiensopleiding van personeellede. Verder is dit die Bank se vaste voorneme om die oogmerke vir personeeltransformasie teen 2005 te bereik en word jaarliks kragtens die wet op billike indiensneming (Wet nr 55 van 1998) aan die Departement van Arbeid verslag gedoen oor die vordering met hierdie proses.

Ooreenkomstig die besluit van aandeelhouers op 25 April 2002 om die notering van die Bank op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika te beëindig, is 'n Oor-die-toonbank Aandeeloordragterief vir die verhandeling van die Reserwebank se aandele daargestel. Hierdie gerief het die gewenste resultate gelewer en 87 transaksies ten opsigte van 240 237 aandele is teen 31 Maart 2003 geregistreer.

Ten slotte is die uitbreidings aan die Bank se hoofkantoorgebou wat in 2001 'n aanvang geneem het, voltooi. Die gebou voorsien nou aan die Bank se behoeftes wat kantoorruimte, parkering en konferensiegeriewe betref. Personeel wat in ander geboue moes werk of wat vir die duur van die konstruksiewerk na ander persele verskuif is, is nou na die hoofkantoorgebou teruggebring.

### **Dankbetuigings**

Al hierdie verbeterings in die funksionering van die Reserwebank kon slegs met die bystand van ander persone en instansies bereik word. Ter afsluiting wil ek daarom almal bedank wat bygedra het om die Bank in staat te stel om sy oogmerke te bereik. In hierdie verband moet ek die Presidensie, die Regering en die Parlement noem vir hul ondersteuning van ons werk. Ek betuig ook graag my dank aan die Reserwebank se Raad van Direkteure, insluitende die visepresidente, vir hul toewyding aan die Bank. In die besonder bedank ek dr M T de Waal, wat uit die Raad getree het, vir sy bydraes oor die afgelope jare. Laaste, maar nie die minste nie, wil ek die bestuur en personeel van die Bank bedank vir die uitstaande wyse waarop hulle hul pligte uitgevoer het.

Die Bank is inderdaad 'n uitnemende instelling om by betrokke te wees.

Dankie.